Harvesters MINISTRIES
Opening the Way

Augustus 2025





# Dink Nuut oor **Bybelse Fondasies** in Ghana

NE0825a_AF email

Ghana word dikwels beskou as 'n lewendige Christelike nasie. Kerke is volop en geloof is sigbaar. Tog erken baie leraars die bestaan van 'n kommerwekkende realiteit: Bybelse fondasies vervaag, en die fokus het verskuif van die maak van dissipels na stoele tel. Dit is waarom Harvesters se werk in Ghana so noodsaaklik is.

Gedurende die eerste helfte van 2025, het Harvesters opleiding aangebied in strategiese liggings – insluitend Kumasi, Obuasie, Koforidua en die hoofstad, Akkra. Op elke plek onderneem leiers 'n vier jaar lange program wat ontwerp is om kerkleiers op te lei en te ontplooi om vermenigvuldigende, dissipel-makende kerke te plant.

Diegene wat deelgeneem het ervaar reeds transformasie. In Kintampo, deel Bismarck Asemeno Yeboah, "Ons word terug gedring na die fondasie van die Kerk. Die Kerk is van stryk gebring... nou, danksy hierdie wonderlike opleiding, keer ons terug daarna." Hy sê voorts, "Ons fokus was nog altyd op lidmaatskap... maar nie op dissipels nie."

In Koforidua, het een deelnemer dringendheid en eenvoud beklemtoon: "Ons hoef nie te wag tot ons 'n groot skare het voordat ons die kerk begin nie. As ons twee of meer is, kan ons 'n kerk begin, of dit nou in 'n vertrek of onder 'n boom is." Ds. Dr Daniel, ook in Koforidua versterk hierdie idee en merk op dat 'n kerk begin kan word met slegs een of twee mense in 'n huis. "Jy kan hulle leer en hulle dissipeleer," sê hy. "Dit het die werk vir ons vereenvoudig."

Onder leraars van die noorde, sover as Togo en Burkina Faso, tot leiers in Akkra is een tema duidelik wanneer dit kom by hernieude denke oor kerkgroei: die fondasie word herstel. Dit is Nuwe Testamentiese kerkgroei – een dissipel, een kerk op 'n keer.



## Ook in hierdie uitgawe:

2 Getransformeerde Lewens Regoor die Wêreld
4 'n Nuwe Droom: Van Vol Sitplekke na Kerkplanting


Ivoorkus


Tanzanië

# Getransformeerde Lewens
## Regoor die Wêreld

Van die berge van Peru tot die steppe van Mongolië, gebruik God vir Harvesters om gelowiges toe te rus, te bemagtig en te mobiliseer om dissipels te maak en kerke te plant. Hierdie getuienisse verklap die lewens-veranderende impak van Bybelse opleiding, Gees-geleide evangelisasie en getroue plaaslike vennootskappe. Met die ondersteuning van vriende soos jy kan Harvesters voortgaan om leraars te versterk en die toerusting en opleiding te voorsien wat hulle benodig om die Groot Opdrag in hul gemeenskappe te vervul. Die middelpunt van hierdie beweging is vermenigvuldiging – dissipels wat dissipels maak, leiers wat leiers ophef en kerke wat kerke plant. Die impak is plaaslik, globaal – en voortdurend aan die groei!

**Henry Berrilla – Peru, Suid-Amerika**

"Ek wil Harvesters bedank vir hul ondersteuning wat dit moontlik maak om hierdie opleiding te ontvang kerke te plant, veral in die Quechua-sprekende area. Tot dusver, het ons 8 kerke geplant met die ondersteuning van Harvesters. Die materiaal was waarlik 'n groot hulp vir my en vir die kerke wat geplant is in die onderskeie areas."





**Malifomo Sello – Lesotho, Suider-Afrika**

"Ek voel waarlik bevoorreg om die geleentheid te hê om deel te wees van die Harvesters *Kick-Off* geleentheid in Mokhotlong. Ek dank die Here daarvoor dat ons op die eerste dag reeds die opdrag ontvang het om uit te gaan en te evangeliseer. Deur gebruik te maak van die *Heart of Man* evangelisasie hulpmiddel, het ek die Evangelie met iemand gedeel. Nog voordat ek eers volledig kon verduidelik wat die kaartjies verteenwoordig was sy reeds tot trane gedryf deur die boodskap. Ek is ook ten diepste bemoedig, want ek het besef in watter areas van my bediening ek te kort skiet en waarin ek moet groei."

**Mahrous – Egipte, Noord-Afrika**

"Ek het baie geleer by Harvesters Ministries. Die kurrikulum is uitstekend, goed georganiseer en gewortel in geestelike dissiplines. Dit begin by 'n fokus op die karakter van 'n dienaar van God, en help ons om gedissiplineerd, selfbeheersd en toe te tree tot 'n heilige leefwyse te wees. Een van die mees kosbare aspekte van Harvesters se benadering is die eenvoud daarvan. Ons dissipels het ook hul eie dissipelskapgroepe begin deur gebruik te maak van die Harvesters fases.""



**Stroom Leier – Ivoorkus, Wes-Afrika**

"My hart is vol vreugde en dankbaarheid. Ons het pas Fase A van die opleiding voltooi en ek voel werklik geseënd. Dit was my visie – om leiers op te lei en kerke te plant – maar ek moes toegerus word. Deur hierdie program het ek die antwoord gevind. Al die leraars in die Botro area is gemobiliseer. Ons droom is om elke gemeenskap in Botro te bereik en te sien hoedat Boake en die omliggende omgewing gevul word met kerke."





**Matthews – Mosambiek, Oos-Afrika**

"In Augustus 2024, is ons opgelei in die gebruik van die Heart of Man evangelisasie hulpmiddel. Op die eerste dag het ek 10 mense bereik. Op die derde dag het 50 mense die Here aanvaar. Daarna het ek 'n dissipelskapklas begin – nou het hierdie nuwe kerk 80 lidmate. Ek het twee kerke geplant en sal nog meer plant totdat ek hierdie kursus voltooi het."



Wallis





Kenia



**Wilfred Mwangi – Kenia, Oos-Afrika**

"My wens is om Harvesters [teenwoordigheid] in Nyandarua te hê, want ons ervaar baie geestelike uitdagings, insluitend toenemende okkultiese praktyke. Ons benodig Bybel-gebaseerde kerke. Harvesters sal ons help om hierdie behoefte aan te spreek, ons kerke te versterk en vrug te dra vir die Koninkryk van God."



**Simon Patrick Pandula – Tanzanië, Oos-Afrika**

"Ek wil God bedank vir hierdie ongelooflike onderrig. Alhoewel ek in die verlede al verskeie Bybelskole bygewoon het, is hierdie onderrig uitsonderlik duidelik en maklik om te verstaan. Sedert die begin van hierdie opleiding, kon ek ses kerke plant en ek het baie geleenthede om selfs nog meer te plant danksy dit wat ek geleer het."



**Jeremiah – Tanzanië, Oos-Afrika**

"Die opleiding was vir my 'n groot hulp. Ek het 12 kerke geplant, en ek het ander gedissipeleer deur gebruik te maak van die Harvesters model. Ek het 'n jong man met die naam Alex opgelei om die 13de kerk te plant, maar God het 'n ander plan gehad. Alex het in die tronk beland – maar terwyl hy daar was het hy die Evangelie verkondig en 70 gevangenes het hulle lewens aan Christus gegee. Wat ons buite die tronk beplan het, het God in die tronk vervul. Ek het gesien hoe die Here op kragtige maniere werk."



**Marian – Wallis, Europa**

"Ek koördineer reeds 'n kleingroep, so ek is nou eintlik redelik opgewonde daaroor om wat ek sopas vandag geleer het na my kleingroep te neem sodat ek hulle nou kan dissipeleer in hoe om te dissipeleer. Maar die lieflikste ding wat ons gedoen het was toe ons 'n oefening gedoen het in hoe om so twee tot drie minute van ons lewensverhaal te deel en vyf punte oor te bring oor wat die Evangelie waarlik is, en ek was opgewonde oor hoe maklik dit is om my storie te deel, maar steeds die Evangelie in te pas. Ek het dit werklik bemoedigend gevind."



**Joy – Mongolië, Asië**

"Harvesters se opleiding het waarlik ons oë laat oopgaan. Dit was 'n wonderlike opleiding wat ons herinner het aan die rede waarom ons die Here dien. Dit is slegs 35 jaar sedert Mongolië die Naam van Jesus leer ken het. In 1988 was daar slegs vier gelowiges wat bekend was. Alhoewel baie sendelinge na Mongolië gekom het, het ons nie werklik verstaan hoe ons kan kerke plant nie, die maniere waarop ons waarlik kan evangeliseer nie. Ons is verheug dat Harvesters se opleiding al die vrae beantwoord het wat ons gehad het – wat ons nie eers geweet het ons het nie."



Lesotho



Peru

# ‘n Nuwe Droom:

## Van Vol Sitplekke na Kerkplanting



Ds. Warren Lötter, ‘n leraar van Parow, Suid-Afrika, het onlangs begin met die Dissipelmakers-reis by sy gemeente – en dit het aanleiding gegee tot ‘n diepliggende verskuiwing van visie. Voorheen was daar ‘n fokus op ‘n toename in die bywoning van Sondag-eredienste, maar nou het Warren ‘n groter droom: die vermenigvuldiging van dissipels en die plant van kerke regoor die noordelike voorstede van Kaapstad. “Die Here het my droom verander,” deel hy. “Dit gaan nie meer net daaroor dat hierdie kerk met mense gevul moet word nie, maar eerder dat hierdie kerk gebruik kan word om kerke te plant – van Parow tot Paarl tot Stellenbosch – waar dissipels meer dissipels maak.”

Die Dissipelmakers-sessies het Warren en sy kerk uitgedaag om terug te keer na die fondasies van die Groot Opdrag: die deel van die Evangelie, die dissipelering van ander en die najaag van vermenigvuldiging. Wat begin het as ‘n kursus van nege sessies het die wegspringplek geword vir ‘n brawe, geloofsgebaseerde droom.

Gevul met vreugde en geloof, kan die kerk nou vertrou dat God een nuwe kerk sal plant teen Pinkster volgende jaar. “En dalk kan jy saam met ons bid dat die Here ons sal help om dit te bereik,” vra Warren.





Harvesters MINISTRIES

**www.harvestersministries.com**

Telefoon: **021-300-5629**

E-pos: **info@harvestersministries.com**

Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes , 7130**

Harvesters Ministries is ‘n Geregistreerde Nie-Winsgewende- en Openbare Weldaadsorganisasie Organisasie (NPO en PBO).

## Dissipelmakers

Ons het ‘n nuwe weergawe van ons suksesvolle Dissipelmakers-kursus bekendgestel, wat ontwerp is om kerke met dissipelskap en groei te ondersteun. Ons loof die Here vir hierdie sukses. Na aanleiding van vyf-en-twintig jaar se ondervinding en sukses met ons evangelisasie, kerkplanting, leraar opleiding en dissipelskapstrategieë in meer as 100 lande, kom hierdie kursus terug na die basiese Bybelse beginsels. Die fokus is op die boodskap en metodologie van Jesus om die wêreld met die evangelie te bereik.

As jy meer wil leer oor die Dissipelmakers-kursus of ons wil nooi om dit by jou kerk te kom aanbied, kontak ons vandag nog.

## Help om die *weg te baan* sodat die wêreld Christus kan leer ken

Elke R 3 800 wat ingesamel word sal ons in staat stel om ...

- ☑ ‘n leraar op te lei
- ☑ 3 kerke te plant
- ☑ ‘n Bybel te voorsien
- ☑ ongeveer 300 mense te bereik en van hulle dissipels te maak.

**Maak vandag ‘n blywende verskil deur te gee!**

**Baie dankie.**

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:
Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnommer: 4075041297,
Takkode: 632005
Verwysing: “NE0825AFEM”+[jou naam]

Ander opsies om ‘n bydrae te maak:
**GEE AANLYN** via ons webblad OF volg die QR kode om via Zapper of Snapscan te gee: